# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 1

**Benodighede**: Skêre en wol/tou

**Doel van les:** Skoonmaak - sondebelydenis.

**Praise and worship**:

**Aktiwiteit en les (6 min):**

- Bind vinnig elke leerder se hande en voete vas. Lees Romeine 3:23: Almal het gesondig en is ver van God af. Vandag het ek slegte nuus. Die gedeelte sê vir ons dat almal sondig. Maak nie saak of jy dink jou sonde is klein nie, sonde is sonde en alle sonde lyk dieselfde voor God. Sonde bind ons en skei ons van God. Ek wil julle gou 'n storie vertel. Daar was twee manne in 'n sekere stad, die een was ryk en die ander arm. Die ryke het 'n groot menigte kleinvee en beeste gehad, maar die arme het glad niks gehad nie, behalwe een klein ooilammetjie wat hy gekoop en in die lewe gehou het, en wat by hom en saam met sy kinders groot geword het; dit het van sy stukkie brood geëet en uit sy beker gedrink en in sy skoot geslaap, en dit was vir hom soos 'n dogter. En toe daar besoek kom by die ryk man, het hy ontsien om van sy kleinvee of beeste te neem om van die reisiger wat by hom gekom het, iets te berei; daarom het hy die ooilam van die arm man geneem dit berei vir die man wat by hom gekom het.

Hierdie storie het 'n profeet met die naam Natan vir Koning Dawid vertel. Koning Dawid het 'n baie groot sonde gedoen en dit was die manier wat die Here vir Dawid gewys het hoe ongelukkig Hy is. Dawid het nou voor 'n keuse gestaan. Hy kon wegvlug van God met die sonde of hy kon vir God jammer sê. Ons staan vandag ook voor 'n keuse – ons kan weghardloop of jammer sê vir God oor al ons sondes.

**Tyd vir stil gebed (5 min)**: Jy kry nou kans om enige sondes voor God te bely. Dis tussen jou en God en jy hoef dit met niemand te deel nie.

**Afsluiting (4 min):** En nou vir die goeie nuus. Lees 1 Johannes 1:8-10 (terwyl groepleiers die wol deurknip wat kinders vasbind) Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.